

BYLAAG A Kosteberekeningsblad**EKSAMENNOMMER**

--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--

VRAAG 7.5

Beskrywing van bestanddele	Hoeveelheid gebruik	Hoeveelheid gekoop	Eenheids-koste	Totale koste van bestanddele	Bewerkings
Botter	125 ml	500 g	R8,50		(1)
Sjokolade	228 g	260 g	R18,00		(1)
Bruinsuiker	185 ml	2 kg	R16,00		(1)
Suiker	65 g	2 kg	R13,00	R0,40	
Eiers	3	1 dosyn	R24,00		(1)
Meelblom	80 g	2,5 kg	R24,50	R0,78	
Kakaopoeier	90 g	500 g	R18,00	R3,20	
Sjokoladesplinters	250 ml	500 g	R26,00		(1)
7.5.1	Totale voedselkoste				(1)
7.5.2	Arbeidskoste				(1)
7.5.3	Oorhoofse kostes				(2)
7.5.4	Koste per porsie				(1)

BYLAAG B

Vintage Coffee

deur Maryke Visagie, *Leef met hart en siel*, MAART 2015

Koffie vloei in die are van Kevin (27) en sy vrou, Rebeca (24). Kevin is in Johannesburg gebore en getoë. Hy het verlief geraak op koffie toe hy die koffiekultuur in Brasilië ontdek het, veral die manier waarop die Brasiliëse koffie in hul eie huise geniet. Hy is ook beïnvloed deur Rebeca, die liefde van sy lewe, wie se ouers 'n klein koffiewinkeltjie op die idilliese eiland Florianópolis gehad het. Rebeca het op die ouderdom van 17 haar eie koffiewinkel besit.



Dit was nie moeilik om Rebeca te oorreë om Suid-Afrika toe te kom nie – toe sy 19 was, het sy as vrywilliger by organisasies soos Botshabelo en Urban Life kom werk. Die paartjie het ontmoet, verlief geraak en is in 2011 getroud. Daarna het hulle 16 maande in die Verenigde State deurgebring waar hulle 'n ander manier ervaar het om 'n spesialiteits-koffiewinkel soos Starbucks te bestuur.

Hulle het ongeveer 'n jaar gelede teruggekeer met die droom om hul eie koffiewinkel oop te maak. Weens die intensiteit van die armoede waaraan sommige mense in hierdie land blootgestel word, het hulle besluit om meer te doen as om net 'n besigheid te open en geld vir hulself te maak.

"Ons het altyd geweet ons wil 'n verandering maak, dit maak nie saak hoe groot of klein nie."

Met hierdie droom in gedagte het *Vintage Coffee* ontstaan – 'n sakeonderneming sonder 'n winsmotief wat ander organisasies sonder winsoogmerk bystaan. Klante van *Vintage Coffee* kan hul koffie, cappuccino of latte geniet, wetende dat 'n deel wat hulle aan hul koffiegenot bestee aan welsynsorganisasies oorbetal word. Elke maand word drie welsynsorganisasies in die onmiddellike omgewing van Midrand, Centurion, Pretoria of Johannesburg geïdentifiseer. Vir elke koppie koffie wat verkoop word, kan 'n klant vir een van die gekose organisasies stem. Die organisasie met die meeste stemme ontvang dan 'n deel van die wins. Hulle het ook gereelde koffiedrink- en opleidingsessies waartydens hierdie organisasies betrek word om te help om hierdie konsep te bemark en klante te oortuig om vir hul organisasie te stem.

"Ons het 'n baie eenvoudige filosofie," sê *Chief Bean*, Kevin Clark, "ons wil iets in die gemeenskap terugploeg terwyl mense goeie koffie geniet. Ons wil waarde tot ons stad toevoeg; ons wil die gaping vernou tussen dié wat het en dié wat niks het nie. Ons wil die hulpelose mense help. Besighede kan soveel meer doen en ons het gedink ons kan help dat koffiedrinkers hulle deel doen."



Freightstraat 69, Centurion